

HOEKOM FIKS WEES ? (DEEL 1) - Uit John se Brentonpen



Dit is lekker om fiks te wees. Hieroor sal oud en jonk nogal kan saamstem. Fiksheid beskik seker oor die een of ander bekoring, uitdaging of is daar 'n geheime beloning? Loer maar na die fiksheidjagters. Dis de ene konsentrasie, oorgawe, toewyding... weet nie aldag of die proses baie lekker is nie. Daar is te min glimlagte, veel eerder 'n toonbeeld van inspanning, sweet, pyn en 'n sprankie onvergenoegdheid. Of word die ekstase opgepot vir daai dag, oomblik wanneer die einddoel bereik word, oorwinning gesmaak en die rekord of prestasie 'n feit word? Daar word nie net verwys na professionele sportlui nie maar veral ook die gewone ou's wat liggaam en siel kasty op 'n oefensessie êrens, ja ook langs die Knysna meer.

Wat 'n skouspel. Dit wissel van verwondering na self opoffering, van hop na galop, kramp na mank, skyn pyn of ou krok sein. Check daai aksie. Elmoë gepunt, puncture die wind. Sening en spier, bondel en strek. Vorentoe beur, behoed dat iets meegee of skeur. Hyg, snak en sweet, net die wat weet ken die verskil tussen sulke plesier en leed.

Daar is groot respek vir die drafstap brigade. Gewapen met knieskerm, ABS 'hammie' repleister en gestrepte sweetband. Die tekkies is toegerus met lugkussings en skokbrekers, afgerond met groot handelsmerk status.

Die houding van 'n drawwer is uniek – en dit kan wissel so tussen die van 'n kwikstertjie en kameelperd. Want, daar is styl ingebou, beweging ekonomie in aksie. 'n Knie is nie meer net 'n knieg nie. Glad nie, daar is baie parte wat met oefen kan inmeng soos die patella, ligamente – kruis en dwars (altyd gedink die eienskappe is eksklusief vir skoonma's beskore), meniskus, vliese, vloeistof, kraakbeen en nog 'n handboek meer. En as die tegniek ontspoor gaan aansien en die mediese skema verloor.

Die tegnologie toer natuurlik saam. Soek jy musiek, maklik, aktiveer net een of ander MP of pod en Celine Dion kan jou vergesel. As jy boonop vitality punte wil oes, skaf jy 'n slim horlosie en/of hart monitor aan. Met die hartmonitor lyk dit vir my die in ding is om sonder 'n T hemp te hardloop – seker net die mans. Die kontrapsie hou 'n ogie oor jou oefenlopie, konsulteer met die rekenaar en verklik tekortkominge. Baie hulpmiddele laat die kredietkaart skrik maar sal die ego verkwik. Hoe belangriker die doelwit, hoe meer intensief die tegnologie en fokus. Kostas styg, nie net in rand terme nie maar soveel meer in tyd, energie en soms ook vir selfverheffing. Prestasie en toewyding kom nie cheap nie!

Moenie dink dis net die wat draf wat hier ter sprake is nie. Daar is vele ander oefen aktiwiteite waarin fiksheid 'n rol speel soos swem, rugby, golf, netbal, hokkie, fietsry ens. Gary Player het gesê hoe meer hy oefen hoe gelukkiger raak hy (of hoe meer wen hy).

Dit gaan eintlik oor die eindstreep en triomfeer. Daar is niks mee verkeerd nie. Vir alles is daar 'n begin en 'n einde. En die einde word 'n nuwe begin. Nou wonder ek oor

christenskap. Is die burgerskap in en 'n eersteklas sitplek hemel toe soort van gewaarborg? Verg die bestemming enige oefening? Gaan dit van my kosbare tyd of enige ander opoffering vereis? Hoe lyk die prys of beloning, gaan die einddoel so 'n keuse die moeite werd maak.

Die vraag is eintlik: "Is ek fiks genoeg om my roeping as christen met vertroue aan te durf?" Is dit dan nodig, die kerk, dominee, ouderlinge het mos meer tyd, laat hulle besig raak. Elke gelowige sal sy deel moet doen. Bedreigings soos armoede, siekte, korrupsie, geweld, dalende morele standaarde, dwelms, liefdeloosheid, hebsug floreer. In ons gemeenskappe, woonbuurte, skole word waardes, ouers, kinders, gesinne geteiken en verwoes. Die duiwel en sy trawante bestook ons en ons gesinne met grofgeskut... en juig omdat sy felste Teenstaander en Sy voorbeeld beperk word tot die minimum op 'n Sondag.

Goeie oefening is om die Woord te leer ken, bewus te raak van wat die Here vir jou en my daarin belowe. Oefen jou geloof, leer Hom vertrou. Aanvaar Hom as jou Verlosser; vind die vrede wat Sy genade en liefde bring. Klink dit dalk nog te vaag, onwerklik, verwarrend met onduidelike riglyne en uitkoms. Dalk moet ons 'n oefenplan uitwerk. Die "G.L.O.E.D." program behoort te verseker dat jy en ek fiks genoeg raak om christenskap uit te leef, 'n Betekenisvolle rol te speel om lig te bring na die wêreld en die mag van die duisternis te breek. (Lees volgende keer meer daaroor in Deel 2).



(word vervolg)